

## Die genadeverbond met Adam (2) (OP128)

Gen 3:16-21

7 Mei 2023

Laasweek het ons begin om te kyk na God wat vir Adam en Eva gekonfronteer het nadat hulle ongehoorsaam was en wel geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad, waarvan die Here God gesê het hulle nie mog eet nie. Ons het gesien dat alhoewel hulle ongehoorsaamheid 'n oortreding was van die bepalings van die Here God se skeppingsverbond met hulle, het dit nie die einde van die skeppingsverbond in sy totaliteit tot gevolg gehad nie. Nee, die oorkoepelende doel van God met Sy skepping bly steeds staan – die ganse skepping moet steeds gevul word met die heerlijkheid van God. En, soos wat ons vandag sal sien, bly selfs die bepalings van die skeppingsverbond steeds grotendeels onveranderd. Wat egter wel verander, is dat die Here God die meganisme waarvolgens die verbond werk verander: Hy verander dit van 'n werksverbond na 'n genadeverbond – waar dit die verantwoordelikheid van die mens was in Gen 1-2 om die skeppingsopdragte uit te voer, neem God van Gen 3 af die verantwoordelikheid op Homself, en Hy onderneem om die resultaat van Sy werk om hierdie skeppingsopdragte te laat realiseer, aan die mens gee uit genade. Die detail van hierdie genadige verlossingsverbond word vanaf Gen 3 in die res van die Bybel vir ons beskryf. Die eerste deel daarvan is die verbond met Adam hier in Gen 3. Tot dusver het ons gesien dat die Here God die verbond met Adam begin oprig as deel van Sy oordeel oor die duivel in Gen 3:15. Ons het gesien dat die Here God vyandskap ingestel het tussen Eva en die duivel, asook tussen haar nageslag en die slang se nageslag. Dit was 'n genadehandeling, siende dat Adam en Eva hulle sopas by die duivel geskaar het. Boonop het die Here God beloof dat daar uit die nageslag van die vrou 'n Individu sou kom wat die duivel finaal sal vernietig. Ons weet uit die res van die Skrif hierdie Individu is Jesus Christus.

Vandag wil ek verder kyk na Gen 3 waar ons nog meer leer van God se verbond met Adam. Ek wil graag die volgende 4 sake oordink: (1) die Here God se oordeel oor Eva (Gen 3:16), (2) die Here God se oordeel oor Adam (Gen 3:17-19), (3) Eva is die moeder van almal wat lewe (Gen 3:20), en (4) die Here God voorsien klere van vel (Gen 3:21).

### Die Here God se oordeel oor Eva (Gen 3:16)

Lees Gen 3:16. Duidelik oordeel die Here God oor Eva in hierdie vers. Voordat ons na die detail van die oordeel kyk, let egter op die volgende: Hier is nie net oordeel nie, hier is ook genade ter sprake: Ons lees dat die vrou steeds kinders in die wêreld sal bring. Onthou: dit was juis een van die skeppingsopdragte aan die mens: “Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde” (Gen 1:28). Ons het gesien dit was 'n belangrike element as die Here God Sy doel met die skepping sou wou bereik. Die mens is na die beeld van God gekape, en hulle moes vermeerder sodat die hele aarde gevul kon wees met mense. As dit sou realiseer, en natuurlik as hierdie mense God sou verheerlik, dan sou die aarde inderdaad gevul wees met God se heerlijkheid. Ja, daar is nou die komplikasie dat die mens wel ongehoorsaam was en dus nie die Here God verheerlik het nie – maar die Here God sal dit nog aanspreek in verdere dele van Sy verbond soos wat dit in die loop van die Bybelgeskiedenis ontvou. Ons het al so 'n glinstering daarvan gesien in vers 15 rakende die Een wat uit die nageslag van die vrou sal kom – maar dit sal later in baie meer detail uitgewerk word. Maar die genade van die Verbondsgod word nou duidelik deurdat Hy baie duidelik steeds van die mens verwag om te vermeerder en die aarde te vul – soos wat die geval was voor die sondeval.

Daar is egter ook oordeel vir die vrou weens haar ongehoorsaamheid. Vers 16 verduidelik dat hierdie oordeel twee elemente bevat:

- Die Here God gaan haar swaarkry met haar swangerskappe baie erger maak, sy sal haar kinders met pyn in die wêreld bring. Ja, daar is genade in die sin dat sy steeds kinders in die wêreld sal bring, maar haar ongehoorsaamheid het tot gevolg dat hierdie swangerskappe met swaarkry en pyn gepaard sal gaan. Ons weet dat dit so gebeur het, en dit is steeds die geval.
- Die ander deel van haar oordeel is dat haar begeerte na haar man sal wees, en dat hy oor haar sal heers. Hoe moet ons dit verstaan? Ek glo CJ Collins beskryf dit akkuraat. Hy redeneer soos volg: Lees Gen 4:7. Die laaste gedeelte van die vers sê effektief: Na jou, Kain, is sonde se begeerte, maar jy moet oor die sonde heers. Die punt is dat sonde begeer om Kain te verwoes, maar die Here verwag van Kain om die sonde teen te staan. Maar let nou op die ooreenkoms tussen die laaste gedeeltes Gen 4:7 en Gen 3:16: “Na jou man sal jou begeerte wees, maar hy sal oor jou heers” vs “Na Kain is sonde se begeerte, maar Kain moet oor die sonde heers”. Uit hierdie vergelyking word dit duidelik dat soos die sonde Kain begeer en hom wil oorheers, so sal die vrou haar man begeer en oor hom wil heers. Netso, soos wat Kain egter oor die sonde moet heers, so moet die man oor sy vrou heers, deur sy skeppingsopdrag na te kom en hoof te wees van sy vrou – soos wat ons gesien het die Here God hom voor verantwoordelik hou. Natuurlik beteken “heers” nie die man moet die vrou domineer en misbruik nie – nee, soos Ef 5:25 sê: “Mans, julle moet julle vroue liefhê, soos Christus die kerk liefgehad het en Homself ter wille van haar oorgegee het”. Wat ons wel hier sien is dat die worsteling wat vroue het om onderdanig te wees aan hulle mans, die gevolg is van Eva se ongehoorsaamheid, en die Here God se oordeel oor haar.

#### Die Here God se oordeel oor Adam (Gen 3:17-19)

Lees Gen 3:17-19. Die eerste aspek wat jou opval in hierdie verse, is dat die Here God nie oor Adam oordeel net omdat hy geëet het van die verbode boom se vrugte nie, nee, hy word ook geoordeel omdat hy na sy vrou geluister het, m.a.w. omdat hy toegelaat het dat sy die leiding neem, en hy nie sy verantwoordelikheid nagekom het as hoof van sy vrou nie.

Soos wat die geval was met Eva, vind ons hier ook weer uitdrukking van God se genade: Die mens mag steeds die grond bewerk en eet van die vrug van sy werk. Onthou, die ander aspek God se skeppingsopdrag aan die mens was dat hy moet heers: Hy moet heers oor die diere, hy moet die aarde onderwerp (Gen 1:28), en boonop ook nog die tuin bewerk en bewaak (Gen 2:15). Ons sal later in Gen 3 sien dat die Here God mens uit die tuin gestuur het – so in ‘n sekere sin is dit nie meer moontlik om die tuin te bewerk en bewaak nie – weereens ‘n onderwerp wat later in die ontwikkeling van God se plan aandag ontvang. Maar, nou as die mens buite die tuin eindig, is hy juis daar waar hy die aarde moet onderwerp, soos wat sy opdrag was as deel van die skeppingsopdragte. Die opdrag is steeds daar, want God wil steeds dat Sy heerlijkheid die hele aarde sal vul, en daarom is dit steeds nodig dat die aarde onderwerp moet word.

Maar daar is ook oordeel oor die mens weens sy ongehoorsaamheid. Soos wat die geval met Eva was, bevat die Here God se oordeel oor Adam ook twee elemente:

- Die eerste element is dat die grond weens sy ongehoorsaamheid vervloek is, die grond sal dorings en dissels laat voortspruit. Die gevolg hiervan is dat hy nou alleen met swaarkry en met sweet aan sy aangesig kos kan produseer om van te eet – en dit sal die geval wees vir die res van sy lewe. Soos wat die vrou voortaan met swaarkry en pyn kinders in die wêreld sal bring, so sal die mens alleen met swaarkry en pyn sy werk kan doen om die aarde te onderwerp en sodoende kos kan hê om te eet om te bly leef.

‘n Vraag wat dikwels ontstaan is: Het hierdie uitspraak van die Here God tot gevolg gehad dat die fundamentele meganisme waarvolgens die skepping werk van hier af verander het? Byvoorbeeld: Was daar voor die sondeval nie dorings en dissels nie, en nou was daar skielik wel? Toe ons na die sewende dag gekyk het, het ons gesien God het gerus want Sy skeppingswerk was afgehandel aan die einde van die sesde dag. Dit suggereer tog dorings en dissels het bestaan voor die sondeval – miskien nie in die tuin van Eden nie, maar wel buite die tuin – en onthou aan die einde van Gen 3 word die mens uit die tuin gestuur na daar waar daar wel dorings en dissels was. Lees ook saam met my Deut 28:15-20. In die eerste gedeelte van die hoofstuk lees ons dat as die volk sou luister na die stem van die Here God en Sy gebooie en voorskrifte noudeset sou nakom – dan sal die Here God hulle seën. Vanaf vers 15 lees ons wat sal gebeur as hulle nie die gebooie en voorskrifte van die Here God noudeset nakom nie – dan sal vloeke hulle tref. In die res van die hoofstuk word baie vloeke beskryf – byvoorbeeld: hulle mandjies en knieskottel sal vervloek wees (v17), of die vrug van hulle liggaam, of die grond, of die aanteel van hulle beeste en kleinvee sal vervloek wees (v18). Wat is die punt wat ek probeer maak? Die punt is dat die Here God die natuurlike prosesse wat teenwoordig is in die natuur gebruik om óf te seën óf te vervloek. Hy verander nie elke keer die fundamentele meganisme in die natuur om ‘n vloek oor die volk te bring nie – nee, Hy stuur byvoorbeeld ‘n droogte deur die normale natuurkragte te gebruik, en die gevolg is die grond lewer nie vrug op nie, en hulle knieskottels bly leeg. Collins redeneer dit is ook hoe ons moet dink oor die swaarkry wat Adam na die sondeval beleef het. Die Here God het die skepping baie goed geskape in die sin dat dit of vloeke of seëninge na vore kan bring – soos wat God wil. A.g.v. die ongehoorsaamheid van die mens het God geoordeel dat die grond voortaan vervloek sal wees, met die gevolg dat die mens voortaan met swaarkry sy kos sal moet verdien. Ek glo dit is in lyn met Rom 8:18-22. In hierdie verse lees ons dat die skepping met vurige verlange wag of sug – dit sug omdat dit onderworpe is aan sinloosheid en verganklikheid – omdat God dit daaraan onderwerp het weens die ongehoorsaamheid van die mens. Die skepping sug in geboortepyne. Jy sien, as die mens nie in sonde geval het nie, en gevorder het in sy opdrag om die aarde te onderwerp, dan sou die skepping al hoe meer sy volle potensiaal bereik het. Maar nou gebruik die Here God die skepping om swaarkry oor die mens te bring a.g.v. die mens se ongehoorsaamheid, en daarom is die skepping gefrustreerd omdat dit nie sy volle potensiaal kan bereik om God se heerlijkheid ten toon te stel nie. Maar, wanneer die kinders van God wel bekend gemaak sal word aan die einde van die tyd, sal hierdie gefrustreerdheid van die skepping ook opgehef word – en dan gee dit geboorte aan ‘n nuwe hemel en aarde (Op 21:1).

- Die tweede element van God se oordeel oor die mens verskyn in die laaste gedeelte van vers 19: “... totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer”. In Gen 2:7 het ons gelees dat die Here God die mens met stof uit die aarde gevorm het, en nou as deel van die Here God se oordeel oor die mens, sê Hy dat die mens sal terugkeer na die grond en die stof waaruit die mens gevorm is – m.a.w. die mens gaan sterf. As ons hier lees dat die mens weer stof gaan word en terugkeer na die grond waaruit hy gevorm is, dan is dit tog duidelik dat hier bedoel word dat die mens fisies gaan sterf. Onthou, in Gen 2:17 het die Here God gesê dat op die dag wat die mens eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sal hy beslis sterf. Die dood waarvan Gen 2:17 praat moet ‘n ander dood wees as die fisiese dood waarvan Gen 3:19 praat, siende dat Adam nie direk op dieselfde dag wat hy van die boom geëet het, fisies gesterf het nie – volgens Gen 5:5 het Adam eers baie jare later op ‘n ouderdom van 930 jaar fisies gesterf. Die dood waarvan Gen 2:17 praat, is geestelike dood. Op die dag wat hulle van die boom geëet het, het hulle

geestelik gesterf – dit was hoekom hulle direk besef het hulle is naak, want hulle het die Here God se opdragte oortree. Rom 5 verduidelik dit. Ons lees in Rom 5:17: “Want as deur die oortreding van die een mens die dood deur daardie een mens begin heers het, sal hulle wat die oorvloed van God se genade ontvang, ja, die gawe van Sy regverdiging, nog soveel eerder deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer”. Hier word die dood wat deur Adam na die mensdom gekom het, geplaas teenoor die lewe wat deur Jesus Christus na die mensdom gekom het. Maar die lewe deur Jesus Christus word hier beskryf as God se regverdiging, en ons weet regverdigmaking loop hand aan hand met wedergeboorte, d.w.s. om geestelik lewend te word. As die lewe deur Christus dus na geestelike lewe verwys, moet die dood deur Adam tog na geestelike dood verwys. Adam het dus direk geestelik gesterf toe hy geëet het van die boom se vrugte, en toe die Here God hom geoordeel het oor sy ongehoorsaamheid, het Hy gesê Adam gaan ook fisies sterf – maar eers later nadat hy met swaarkry gewerk het, in Adam se geval eers op ‘n ouderdom van 930 jaar. Adam was ongehoorsaam en het direk geestelik gesterf, en saam met hom het die ganse mensdom geestelik gesterf. As deel van sy straf, het hy ook jare later fisies gesterf, en soos hy, sterf ook alle mense fisies (daar is enkele uitsonderings). Beide die geestelike dood en die fisiese dood verwys egter na die dood van mense – die dood van diere is nie hier ter sprake nie.

‘n Vraag wat dikwels ontstaan is die volgende: Wat sou gebeur het as Adam en Eva nie in sonde geval het nie – sou hulle vir ewig gelewe het? Ons moet tussen die lyne lees om die vraag te antwoord. Dit is reeds in Gen 1-2 duidelik dat daar ‘n rus gewag het wanneer hulle hulle skeppingsopdragte suksesvol sou voltooi het, soos wat God gerus het aan die einde van Sy skeppingswerk. Die detail van die rus word nie uitgespel nie, maar soos ons gesien het God se skeppingsdoel is steeds dieselfde na die sondeval as wat dit was voor die sondeval. Ons kan dus aflei dat Adam en Eva dieselfde rus sou ontvang het as waarna ons uitsien. Ons gaan daardie rus in wanneer ons fisies sterf – hulle sou dit waarskynlik ontvang het sonder om fisies te sterf. Ek vertaal wat Calvyn hieroor geskryf het: “Adam se aardse lewe sou tydelik gewees het; maar hy sou hemel toe gegaan het sonder om te sterf .... Hy sou aanbeweeg het na ‘n beter lewe, as hy gehoorsaam gebly het, maar daar sou nie skeiding van sy siel en liggaam gewees het nie...”.

#### Eva is die moeder van almal wat lewe (Gen 3:20)

Lees Gen 3:20. Ons lees Adam het sy vrou “Eva” genoem. Die naam “Eva” beteken lewe. Beteken die vers dat Eva die moeder is, oftewel die voorouer is, van alle mense? Beteken die vers dat Adam en Eva die eerste mense was, en dat alle mense van hulle afstam? Wel, dit is hoe dit lyk as jy die res van Genesis lees – kyk byvoorbeeld maar na die geslagsregisters later in Genesis. Boonop lees ons in Hand 17:26 dat Paulus tydens sy toespraak op die Areopagus gesê het: “Uit een mens het Hy (d.i. God) al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon”. Ek glo dus: Ja, Eva is die voorouer van alle mense.

Maar ek dink hier is ook meer in hierdie vers om raak te sien. Let op: dit is Adam wat sy vrou “Eva” noem, want sy is die moeder van al wat lewe. Adam het sopas gehoor hy gaan sterf – hy het reeds geestelik gesterf, en het sopas gehoor hy gaan fisies ook sterf – en juis nou noem hy sy vrou “Eva” of lewe – want, sien, Adam het meer gehoor wat die Here God gesê het: Hy het ook gehoor van Eva wat swangerskappe gaan hê – ja, dit gaan pynvol en swaar wees – maar sy gaan swangerskappe hê! Haar swangerskappe beteken al gaan hy, en selfs sy, sterf – daar is hoop op voortgesette lewe hier op aarde, deur hulle nageslag. Ja, die jare wat kom gaan swaar wees, hy gaan met pyn en swaarkry moet werk om te kan eet, en sy gaan swaar hê met haar swangerskappe. Maar in die swaar herinner sy vrou se naam hom aan: daar is steeds die hoop van lewe!

Maar Adam het selfs meer as dit gehoor: Hy het ook gehoor dat die Here God vyandskap gestel het tussen sy vrou en die duiwel, en tussen haar nageslag en die nageslag van die duiwel. Hy noem sy vrou Eva, want hy wil dit nie vergeet nie – daar is hoop: ten minste ‘n deel van die nageslag van sy vrou gaan in vyandskap leef met die duiwel – die duiwel wat die hele penarie waarin hulle hulle bevind, veroorsaak het. Trouens, Adam het ook gehoor dat daar Een uit die nageslag van sy vrou gaan kom wat die duiwel finaal gaan oorwin. Hy gryp vas aan hierdie hoop op lewe, selfs ewige lewe – en noem sy vrou “Eva” – lewe, sodat hy hierdie hoop op lewe nooit vergeet nie! Selfs in die Here God se oordeel, is daar hoop op lewe. Verstaan jy hoekom dit ‘n genadeverbond is?

#### Die Here God voorsien klere van vel (Gen 3:21)

Lees Gen 3:21. Ons het ‘n paar weke gelede in detail gekyk na Adam en Eva wat in Gen 2:25 naak was, maar nie skaam nie, en dat hulle direk skaam geword het toe hulle van die verbode boom se vrugte geëet het. Hier lees ons nou dat God vir hulle klere voorsien en dit vir hulle aantrek om hulle naaktheid te bedek. Ons het gesien dit alles bou op tot ons in Op 19:8 lees van die gelowiges wat met helder fyn blink linneklere aan die bruilofsmaal van die Lam aansit – en hierdie klere is juis die regverdige dade van die gelowiges.

Let nou op die volgende: Ek het gesê die skeppingsverbond was ‘n werksverbond – Adam en Eva moes gehoorsaam God se opdragte uitvoer om deel te kan kry aan God se rus, hulle was verantwoordelik om dit te doen. Ek het ook gesê die verbond met Adam is ‘n genadeverbond, deurdat God die verantwoordelikheid op Homself neem om toe te sien die opdragte word behoorlik uitgevoer, en dat Hy dan die resultaat daarvan aan die mens uit genade gee. En tog het ons vandag gesien: Eva moet steeds deur swangerskappe gaan, sodat die aarde gevul kan word met mense. Adam moet steeds oor die aarde heers en dit onderwerp – soos wat die geval was voor die sondeval. Hoe kan ek dan sê God neem die verantwoordelikheid op Homself om dit te doen – is dit nie tog steeds maar Adam en Eva wat dit moet doen nie? Die verskil is: die Here God het vir Adam en Eva rokke van vel gemaak, en dit vir hulle aangetrek – Hy het dit gemaak, en Hy het dit vir hulle aangetrek! Nou, weereens kan ons dit nie alles behoorlik verstaan deur net na Gen 3 te kyk nie. Maar ons het mos nou gesien waarheen die klere opbou. En ons sal moet wag tot ons by die nuwe verbond kom om ‘n behoorlike greep hierop te kry. Maar kan ek vir nou ten minste net verwys na wat ons in Eseg 36:27 lees rakende die nuwe verbond. Onthou nou: die nuwe verbond is die laaste deel van God se oorkoepelende verlossingsverbond, terwyl die verbond met Adam die eerste deel is van hierdie verbond – maar dit alles vorm ‘n eenheid. Eseg 36:27: “My Gees sal ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer.” Uit die Nuwe Testament, oftewel die nuwe verbond, weet ons tog dat dit is wat die Heilige Gees doen – dit is tog juis die punt van heiligmaking – dat die Heilige Gees die gelowige leer om volgens God se voorskrifte en bepalings te leef. Maar let op: die Verbondsgod sê Hy sal sorg, deur die Heilige Gees, dat die gelowiges Sy voorskrifte nakom. Die gelowige moet dit steeds doen, maar die Heilige Gees sal sorg dat hulle dit doen. En dit is wat die Here God alreeds in Gen 3 vir ons begin wys: as Hy vir Adam en Eva velklere voorsien en dit vir hulle aantrek.

Maar hoekom word hier in Gen 3 van velklere gepraat, terwyl ons in Op 19 van helder fyn blink linneklere lees? Velklere kom van diere af – ‘n diere moet geslag word om velklere te kan maak. Daar is ‘n lewe wat betaal moet word om die klere te kan voorsien. In die ou verbond sou baie diere moes sterf as simbool van die bloed wat moet vloei om versoening vir sondes te bewerk. Ons weet, dit het vooruit gewys na Jesus, die Een uit die nageslag van die vrou, wat sou kom en as die ware Paaslam moes sterf. Hy het naak gesterf, en sy kleed is vir iemand aan die voet van die kruis gegee. Dit is sy bloed wat moes vloei om werklik versoening te bewerk. Lees Op 7:13-14 (dit handel hier oor die groot menigte in die hemel): “In antwoord daarop het een van die ouderlinge vir my gevra: ‘Hierdie

mense wat die lang wit stolas (klere) dra, wie is hulle, en waar kom hulle vandaan?’ Ek het hom geantwoord: ‘Meneer, u is die een wat weet.’ En hy het vir my gesê ‘Dit is die mense wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle lang stolas gewas, en wit gemaak in die bloed van die Lam.’” Sien jy dit? Die klere van vel word gewas in die bloed van die Lam, en so word dit wit gemaak, gereed vir die bruilof van die Lam. In die klere van vel wat die Verbondsgod in Gen 3 gee, moet ons raaksien dat Hy eers Sy Seun uit die nageslag van die vrou gaan gee wat die duiwel moet vernietig. In die proses gaan Sy bloed vloei ter versoening van die nageslag van die vrou se sondes. Dan sal die Here God hulle velklere wit was in die bloed van die Lam, en dan sal die Here God deur die werk van die Heilige Gees dit vir hulle aantrek, en dan sal hulle aan die bruilof van die Lam mag gaan aansit. Dit is die Verbondsgod wat die klere voorsien én dit vir hulle aantrek. Die klere is die regverdigde daad van die gelowiges, hulle gehoorsaamheid aan Sy voorskrifte en bepalings. Maar Hy gee hierdie daad vir hulle deur die werk van die Seun en deur die werk van die Heilige Gees! Dit is die reuse vooruitgang van Gen 2 na Gen 3. Aan die einde van Gen 2 is Adam en Eva naak, maar nie eers skaam nie. In Gen 3 word hulle skaam, maar dan gee die Verbondsgod eers vir hulle velklere, dan gee Hy die bloed van die Lam om die klere wit te was, en dan gee Hy die Heilige Gees om vir hulle die klere aan te trek, en so word hulle getrou om Sy opdragte uit te voer, en so mag hulle gaan aansit aan die bruilofsmaal van die Lam, en so mag hulle die Verbondsgod verheerlik oor hulle verlossing, en so vul God se heerlikheid die ganse nuwe skepping – die Verbondsgod doen dit alles! Daarom is dit ‘n genadeverbond!

### Toepassing

Kom ons staan vir ‘n oomblik terug en kom ons kyk na ons wêreld en vergelyk dit met wat ons in Gen 1-3 geleer het:

- Ons kyk na die skepping rondom ons en ons sien die grootsheid daarvan, die balans daarin, die skoonheid daarvan, die variasie daarin, die kompleksiteit daarvan – en jy moet erken dat die enigste logiese verklaring vir die bestaan van dit alles is dat God die Skepper is. Wel, ons het in Genesis geleer dat God alles geskep het, en dat God na alles gekyk het en dit was baie goed.
- Ons sien dat die mens die vorm van lewe is wat besluite neem oor die natuur en natuurlike hulpbronne. Wel, ons het geleer die mens moet heers oor die aarde en die skepping.
- Ons sien dat die mensdom steeds besig is om te groei. ‘n Groot fokus vir mense is om kinders te hê en hulle groot te maak. Wel, ons het gesien dit was een van die skeppingsopdragte aan die mensdom.
- Ons sien egter dat swangerskappe gepaard gaan met pyn, en daar is dele van die wêreld waar geboortes gepaardgaan met dood. Wel, ons het gesien dat swangerskappe gepaard sal gaan met swaarkry en pyn.
- Ons sien dat baie mense worstel met die gevolge van harde werk. Ons sien aanmekaar dat mense gemaan word om tyd in te ruim om te rus. Wel, ons het gesien dat die Here God van die mens verwag om elke sewende dag te rus.
- Ons sien dat mense ‘n honger het om bevredig te word, elkeen wil een of ander ideaal verwesenlik. Ons sien mense streef na sin in hulle lewens. Wel, ons het gesien God het die skepping geskep met ‘n doel. En Hy het vir die mens ‘n doel gegee – hulle moet God verheerlik omdat Hy dit waardig is.
- Ons sien egter ook dat hierdie ideale dikwels moeilik is en pynvol is om bereik te word. Wel, ons het gesien dat die mens met sweet aan sy aangesig sal eet.
- Ons sien ook dat daar voortdurend stryd is in die lewe, veral stryd tussen mense – of dit nou stryd is tussen individue, of tussen groepe, of tussen lande. Ons sien ook baie keer juis stryd

tussen verskillende godsdienste. Wel, ons het gesien die Here God het vyandskap ingestel tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel.

- Ons sien ook dat daar selfs in die jaar 2023 steeds 'n deel van die mensdom is wat vashou aan God se Woord, wat hulle daarin verdiep, wat verstaan hulle is in sonde ontvang en gebore, wat alleen op die werk van die Verbondsgod vertrou om hulle te red en hulle te klee. Wel, ons het gesien die Here God het aan hulle klere van vel gegee.

Wat is die punt wat ek probeer maak? Gen 1-3 is 'n akkurate beskrywing van ons wêreld. Ja, daar is baie debat oor hoe die hoofstukke gelees en verstaan moet word – maar dit is 'n akkurate beskrywing van ons wêreld. Daarom is dit die moeite werd om die hoofstukke behoorlik te bestudeer. Maar selfs nog meer belangrik: Ons het nou al hoeveel maal gesien dat hierdie hoofstukke die beginpunte is van soveel lyne wat deur die Skrif loop. Dit sal eenvoudig tragies wees as ons nie die moeite doen om hierdie beginpunte op te tel en die lyne deur die Skrif te volg nie. Dit is eenvoudig so dat as ons nie die begin en die eindpunte van die Skrif behoorlik verstaan nie, loop ons 'n groot risiko om iewers in die middel die pad byster te raak. Mag die Verbondsgod ons help om Sy openbaring aan ons van begin tot end te verstaan.